higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KINDERGESONDHEID N4

(9070244)

24 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

013Q1J2124

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KINDERGESONDHEID N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ’n Kenmerk van ’n gesonde kind

A weeg meer as wat normaal is vir die ouderdom van die kind
B bleek van kleur, veral die binnekant van die oë
C normale velkleur met kolle of uitslag
D liggaamsmassa is binne normale bestek

1.2 Die reaksie op die kos wat pas bekendgestel is, moet waargeneem word ...

A gedurende die nag
B gedurende die middag
C gedurende die oggend
D onmiddellik nadat die kos ingeneem is

1.3 Een van die volgende is die metode waarvolgens ’n baba getoetsweeg word.

A Weeg baba voor voeding en nadat baba se doek omgeruil is.
B Weeg baba ná voeding en ruil baba se doek om.
C Toetsweeg baba as eerste stap in die oggend nadat doek omgeruil is.
D Weeg baba voor en ná die voeding sonder om vir die baba skoon klere aan te trek.

1.4 ’n Teken van ontoereikende voeding/ondervoeding is wanneer …

A baba minstens 6-10 doeke per dag natmaak.
B die stoelgange gereeld is, met ’n los konsistensie en ’n heldergeel kleur.
C baba onafgebroke tussen voedings huil.
D baba tevrede tussen voedings is en gewoonlik ná ’n voeding slaap.

1.5 Ontoereikende melkvoorraad kan beïnvloed word deur die moeder ...

A wat ’n gebalanseerde dieet volg.
B se emosionele toestand.
C wat aan matige oefening deelneem.
D wat nie alkohol verbruik nie.

1.6 Die rol van die educarer/opvoeder as lid van die gesondheidspan is om ...

A enige noodsaaklike noodhulp- en noodbehandeling in die sentrum te lewer.
B enige kwale by die kinders te diagnoseer of te behandel.
C die ouers oor enige verdagte mishandeling in te lig.
D mediese behandeling sonder die ouer se toestemming te gee; hulle word later ingelig.

Kopiereg voorbehou

1.7 Die lewer ...

A dien as die tydelike berging van urine.
B detoksifiseer stowwe soos alkohol.
C skei toksiene en oormatige stowwe af.
D skei oormatige mineraalsoute af.

1.8 ’n Teken en simptoom van die tweede stadium van kraam is …

A die oopskeur van die sak water wat die baba in die baarmoeder omvou.
B wanneer die moeder die drang het om te druk.
C wanneer die plasenta van die baarmoederwand skei.
D wanneer die plasenta uit die uterus gewerp word.

1.9 ’n Nadeel van kunsmatige voeding is dat dit …

A maklik en gerieflik is om aan te maak
B maklik gemeng kan word
C maklik vervoer kan word.
D nie die moeder se teenliggaampies bevat wat die baba nodig het nie.

1.10 Obesiteit word veroorsaak deur ...

A die bekendstelling van vaste kos.
B aanvraagvoeding wanneer baba geborsvoed word.
C hoë inname van gemorskos.
D om genoeg kilojoules in te neem met betrekking tot energie wat verbruik word.

1.11 Aanvullende voeding verwys na ...

A slegs borsvoeding.
B formulemelk wat as aanvulling tot borsvoeding gegee word.
C slegs bottelvoeding.
D bottelvoeding terwyl vaste kos bekendgestel word.

1.12 Vaste kos kan bekendgestel word ...

A enige tyd ná 2 maande.
B van 9 maande af.
C van 4 maande af.
D enige tyd aangesien graankos by die bottel gevoeg kan word.

1.13 Om ’n baba toe te draai verwys na ...

A oorbeskerming van die baba.
B om die baba liggies in ’n kombers toe te wikkel
C om die baba stewig in ’n kombers toe te wikkel
D om die baba warm aan te trek.

Kopiereg voorbehou

1.14 Die gesondheidspan bied programme by die dagsorgsentrum aan, soos …

A finansiële ondersteuning aan behoeftige ouers.
B noodhulp in ’n noodgeval.
C basiese gesondheidsdienste.
D basiese onderwys vir volwassenes

1.15 Ystertekort-anemie word veroorsaak deur ...

A te min yster in die dieet
B te veel yster in die dieet
C te veel verbruik van mielies in die dieet
D dieet ryk in vitamien C

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Voeg sout of suiker by die baba se kos om die smaak te verbeter.

2.2 Moet nooit borsmelk of formulemelk in die mikrogolfoond verhit nie.

2.3 Immunisering behoort met die Wêreldgesondheidsorganisasie se beleid ooreen te stem.

2.4 Nikotien verhoog die lewering van suurstof aan die liggaam en aan die ongebore baba.

2.5 ’n Skool kan nie ’n kind met ’n gesplete verhemelte aanvaar nie.

2.6 Medisyne wat die moeder inneem, kan ook melkvoorsiening beïnvloed.

2.7 ’n Groen skynsel in die vrugwater kan aandui dat die baba in nood verkeer.

2.8 Toets die melk op die elmboog om die korrekte temperatuur te verseker.

2.9 Wol moet nie direk op die vel gedra word nie.

2.10 Die normale swangerskapsduur vir menslike babas is 40 weke.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	’n Brandplek weens warm water of stoom	A	stutvoeding (‘prop feeding’)
3.2	Die samesmelting van die sperm en die eier wat die begin van die nuwe lewe skep	B	in loco parentis
3.3	’n Reaksie op ’n bepaalde kossoort wat veroorsaak dat die nekarea opswel en asemhaling beperk	C	brandwond
		D	skraap
3.4	’n Onderwyser of volwassene wat in die afwesigheid van hul ouers na kinders omsien	E	voedselallergie
		F	bevrugting
3.5	Om die baba te voed met ’n bottel wat op ’n kussing of ’n ander item rus		

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 4

Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

metabolisme; poliomiëlitis; gemeenskap; taktiele; senuweestelsel; kop-en-boude; regop metode; passiewe immuniteit; kolostrum; uitpersing; genetika; veiligheidsgreep; olfaktoriese; omgewingsgesondheid; babauitrusting; aanvullende voeding

4.1 Bottelvoeding wat in plaas van ’n borsvoeding gegee word.

4.2 Verwys na ’n groep mense wat naby mekaar woon.

4.3 Die eerste klerekas of klerelaai wat vir die pasgebore baba voorberei word.

4.4 Eienskappe wat van een geslag na die volgende oorgedra word.

4.5 Wanneer die liggaam stowwe verwerk en dit afbreek om as energie in die liggaam gebruik te word.

4.6 Verwys na die gesondheidstoestand van ’n mens se fisieke omgewing.

4.7 Die eerste dik en voedsame melk wat deur die swanger vrou geproduseer word.

Kopiereg voorbehou

4.8 Versprei van persoon tot persoon via fekale of mondelinge oordrag en deur middel van gekontamineerde water en voedsel.

4.9 Die moeder hou die baba teen die skouer en vryf die baba se rug opwaarts tot by die nek, om die baba aan te moedig om wind op te breek.

4.10 Om die nek en kop met die linkervoorarm vas te hou en die vingers van die regterhand tussen die baba se bene te hou sodat die baba veilig is.

4.11 Dit reguleer al die liggaamsreaksie op stimuli waaraan dit blootgestel word.

4.12 Gebruikmaking van ’n pomp om melk uit die borste te verky.

4.13 Om die baba se gesig, kop en luierarea te was.

4.14 Dit word tydens swangerskap en borsvoeding van die moeder aan die baba oorgedra.

4.15 Die reuksintuig wat waargeneem word deur die senuwee-eindes wat in die neus se slymvlies geleë is.

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Noem AGT items wat nodig is wanneer die baba se kop, gesig en boudjies skoongemaak word (‘top and tailing’). (8)

5.1.2 Verduidelik hoe jy spesiale sorg aan die dag sal lê wanneer jy die baba se klere was. (3 × 2) (6)

5.1.3 Bespreek DRIE funksies van die baba se klere. (3 × 2) (6)

5.2 Noem SES maniere om luieruitslag te voorkom. (6)

5.3 Beskryf SES algemene riglyne om die baba tydens die eerste weke ná geboorte te versorg. (6)

5.4 Bespreek TIEN riglyne wat gevolg behoort te word wanneer vaste kos tydens spening bekendgestel word. (10)

5.5 Watter raad oor persoonlike sorg kan jy aan ’n voornemende moeder gee? (8)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 6.1.1 Identifiseer TIEN tekens en simptome van postnatale depressie. (10)

6.1.2 Watter raad sou jy aan ’n moeder gee wat postnatale depressie ervaar? (5)

6.1.3 Noem VYF belangrike oorsake van postnatale depressie. (5)

6.2 6.2.1 Verduidelik wat skielike infansddoodsindroom (SIDS) of wiegiedood is. (2)

6.2.2 Noem VYF maniere waarop SIDS voorkom kan word. (5)

6.2.3 Bespreek DRIE korrekte posisies waarop die baba neergelê behoort te word. (3 × 3) (9)

6.3 Noem SES punte wanneer die chemiese sterilisering van doeke voorberei word. (6)

6.4 Noem VYF verskillende soorte vingerhappies wat vir die jong kind geskik is. (5)

6.5 Beskryf stoelgange van babas wat geborsvoed word. (3)

[50]

VRAAG 7

7.1 Noem VIER funksies van die neusholte. (4)

7.2 Bababottels en -tiete moet ná voedings behoorlik skoongemaak en gesteriliseer word om infeksies soos gastroënteritis te voorkom.

Noem SEWE punte rakende die higiëne van voedingsbottels, bykomstighede en fopspene. (7)

7.3 Gee DRIE verskillende tipes kunsmatige melkformule wat geskik vir babas is. (3)

7.4 Babas word met sekere outomatiese reflekse gebore om hulle te help om buite die baarmoeder te oorleef.

Identifiseer DRIE verskillende tipes reflekse. (3)

7.5 Verduidelik die vereistes van geskikte skoene vir peuters. (4 × 2) (8)

7.6 Noem SES faktore wat die gesondheid van die kind kan beïnvloed. (6)

7.7 Identifiseer DRIE verskillende tipes doeke. (3)

7.8 Tabelleer VYF voordele en VYF nadele van weggooibare doeke. (5 + 5) (10)

Kopiereg voorbehou

7.9 Verduidelik die verskillende rolle van die volgende lede van die gesondheidspan:

7.9.1 Maatskaplike werkers

7.9.2 Gesondheidsinspekteurs

(2 × 3) (6)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou